Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Zane Isaacs**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Zane.Isaacs@westerncape.gov.za | 021 467 2942

Lêerno.: 20/3/7/6/2
Verwysing: 20231106-9608

Eksamenadministrasieminuut: 0012/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Die vrystelling van November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamenuitslae**

1. Die volgende **inligting en datums** word verskaf om prinsipale in staat te stel om die nodige reëlings te tref om die bogenoemde uitslae af te haal en te kontroleer:

1.1 Prinsipale (of hul afgevaardigde personeellede) kan die NSS-uitslae op **Vrydag, 19 Januarie 2024 om 07:30** by distrikskantore afhaal.

1.2 Prinsipale (of hul afgevaardigde personeellede) word twee en 'n half uur (02:30) gegun om die uitslae vir enige weglatings of ooglopende foute te kontroleer. Hierdie foute moet by die Direktoraat: Eksamenadministrasie by telefoonnommers 021 467 2483/9327/2931/ 2567/2961/2942 of die Eksameninbelsentrum by 0861 819 919 aangemeld word.

1.3 Die uitslae mag vanaf **11:00 op Vrydag, 19 Januarie 2024** aan kandidate by hul onderskeie skole en eksamensentrums uitgedeel word. Die uitslae van voltydse kandidate sal slegs by skole en op die internet beskikbaar wees, en sal NIE by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Eksamen-kliëntedienssentrum uitgereik word NIE.

1.4 **Neem asseblief kennis: Geen uitslae mag aan kandidate bekend gemaak word en geen inligting in hierdie verband mag vóór 11:00 op Vrydag, 19 Januarie 2024 aan die media verskaf word nie.**


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

1.5 Die uitslae sal op **Vrydag, 19 Januarie 2024 om 11:00** op die WKOD se webwerf, **https://wcedonline.westerncape.gov.za**, beskikbaar wees. Kandidate sal hul **vanne** en **identiteitsnommers/geboortedatums** moet invoer om hul individuele uitslae op die WKOD-webwerf te kan besigtig.

1.6 **Kandidate moet aangeraai word om te kontroleer dat hul volle name en identiteitsnommers korrek op hul verklaring van uitslae weergegee word.**

1.7 Navrae oor uitslae moet binne **30 dae** ná die vrystelling vir ondersoek voorgelê word. Rig alle navrae oor uitslae aan ExamResults@westerncape.gov.za.

1.8 Die NSS-toekenningseremonie sal op **Donderdag, 01 Februarie 2024 om 10:00** by Leeuwenhof plaasvind.

2. **Hernasien en herkontrolering van November 2023 se NSS-antwoordskrifte**

2.1 Aansoeke om hernasien en herkontrolering moet via die aanlyn platform aan www.eservices.gov.za gerig word.

2.2 Die sluitingsdatum vir aansoeke vir hernasien is **Vrydag, 02 Februarie 2024**.

2.3 Die volgende gelde per vak is van toepassing:

| | |
|---|---|
| Hernasien: | R116 |
| Herkontrolering: | R29 |
| Besigtiging: | R220 |

Kandidate van skole wat geen skoolgelde hef nie, sal vrygeskeld word van hierdie gelde. Kandidate met skoolgeldkonsessies sal vrygeskeld word van gelde vir hernasien.

3. **Aansoeke vir die NSS-eksamen – Mei/Junie 2024**

3.1 Alle kandidate wat vir die NSS-eksamen in November 2023 geregistreer was en wat om 'n geldige rede afwesig was vir 'n deel van die eksamen, of wat nie daarin kon slaag om die sukses wat hulle wou behaal het te verwerf nie, kan aansoek doen om die NSS-eksamen in Mei/Junie 2024 af te neem.

3.2 Aansoekvorms vir registrasie sal by skole wat die NSS-kurrikulum aanbied, distrikskantore en die WKOD se Eksamen-kliëntedienssentrum te Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat 2, Strandgebied, Kaapstad, en op die WKOD se webwerf, beskikbaar wees.

3.3 Die sluitingsdatum vir NSS-eksamenaansoeke vir Mei/Junie 2024 is **Vrydag, 09 Februarie 2024. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.**

3.4 Enige navrae oor die registrasie vir die NSS-eksamen vir Mei/Junie 2024 kan gerig word aan ExamRegistrations@westerncape.gov.za.

4. Die WKOD moet ingelig word oor die reëlings wat deur skole en eksamensentrums getref word vir die afhaal van hul uitslae. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om die aangehegte vorm (**Bylae A**) in te vul en dit teen **Maandag, 04 Desember 2023** aan die toepaslike **distriksdirekteur** te stuur.

5. **Ondersteuning en berading vir kandidate wat nie aan die slaagvereistes voldoen het nie**

5.1 Dit is uiters belangrik dat kandidate wat nie aan die eksamen se slaagvereistes voldoen het nie, ondersteuning en berading ontvang. Hierdie kandidate moet ingelig word oor die beradingsdienste wat beskikbaar is. Berading kan by skole gegee word wanneer kandidate hul uitslae ontvang of, waar van toepassing, by die toepaslike distrikskantoor waar departementele personeel beskikbaar sal wees.

5.2 Indien 'n prinsipaal, sentrumbestuurder of afgevaardigde personeellid 'n kandidaat na 'n distrikskantoor verwys, moet die telefoonnommer en adres van die distrikskantoor aan daardie kandidaat gegee word, en die besonderhede van die kandidaat moet aan die distrikskantoor verskaf word.

5.3 Omdat kandidate wat berading nodig het dit dikwels nie uit vrye wil soek nie, word daar dus 'n beroep op skole en eksamensentrums gedoen om sensitiwiteit aan die dag te lê vir die emosionele toestand van kandidate aan wie se verwagtinge nie voldoen is nie.

6. **Vrystelling van inligting aan die media**

Die media sal belangstel om inligting by skole te kry oor kandidate wat buitengewoon goed in die NSS-eksamen gevaar het. Prinsipale, sentrumbestuurders of die afgevaardigde personeellede mag, in oorleg met ouers, sodanige inligting en foto's aan die media verskaf, en op voorwaarde dat toestemmingsvorms ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), voltooi en geteken is.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-11-24